Sosiale-Wetenskappe

DINSDAG 9 JUNIE

Geskiedenis



Aktiwiteit 1: Ontleed 'n spotprent

LB bladsy 131 (Doelwitte: 1, 2)

Riglyne vir onderrig

Strokiesprente gee 'n spesifieke siening oor gebeure weer, gewoonlik 'n kritiese, satiriese of siniese beskouing. Die leerders se vermoë om 'n strokiesprent te ontleed en om wat dit uitbeeld, regtig onder die knie te kry, sal afhang van hoeveel hulle van die kwessie wat uitgebeeld word, weet, en van hulle vermoë om die boodskap van die kunstenaar wat dit geteken het, te ontleed: wat hy oor die kwessie sê en hoe hy dit doen.

Antwoorde

1.

Oos	Wes
Hamer en sekel	Dollarteken
Swaard	Sterre en strepe
Rooi	Haelgeweer
Werkersuniform	Pluiskeil

2. Hulle lag albei, maar dit is nie 'n gelukkige lag nie. Dit is uitdagend, honend (spottend) en vol bravade. Elkeen probeer om die ander te laat voel dat hy vol vertroue is om te wen, hoewel nie een daarvan seker is nie.

Hier is die antwoorde vir Akt 1 bladsy 131 en Akt 3 bladsy 136

Eenheid 3- Belangrike werk (jy moet die week die volgende werk leer en kyk na die remidierings aktiwiteit.

Die VSA en die Sowjetunie het na die tweede wereldoorlog as wereldleiers na vore getree. Hulle het as supermoonthede bekend geraak oor hulle die twee magtigste lande in die wereld bekend gestaan het.

Daarom het altwee lande meer en meer mag gesoek. Sodoende het die koue oorlog ontstaan tussen Rusland en amerika.

- N Koue oorlog is n oorlog waar daar nie fiesies oorlog gevoer word nie , dit is meer politieke spanning en kompetiesie tussen lande.
- Die koue oorlog was tussen **1945 tot 1989**.
- **Josef Stalin** wou Pole en Oos-Europa beheer en domineer. Hy wou ook verhoed dat duitsland nog n oorlog kan begin.



Aktiwiteit 3: Gebruik bronne

LB bladsy 136 (Doelwitte: 5, 6)

Riglyne vir onderrig

Hierdie aktiwiteit vereis noukeurige deurlees van die teks. Dit is weer eens komplekse morele kwessies en die leerders moet tyd gebruik om daaroor na te dink voordat hulle antwoorde neergeskryf word.

Antwoorde

1. Sommige mense glo dat die Japannese na aan oorgawe was en dat dit onnodig was om die bomme af te gooi. Sommige mense glo ook dat die doodmaak van so baie burgerlikes nooit geregverdig kan word nie – dat dit verkeerd is. Ander mense glo dat Japan vir 'n lang tyd nog met die oorlog sou voortgaan en dat dit die enigste manier was om Japan te stuit. Die voortslepende oorlog het daagliks baie lewens geëis.
2. Enige redelike, goed gemotiveerde antwoord. Antwoorde kan die volgende insluit: President Truman kon Japan 'n geleentheid gegee het om hulself oor te gee, wat die Japannese sou gewaarsku het oor Amerika se voorneme om die kernbomme te laat val.
3. Enige redelike, goed gemotiveerde antwoord. Antwoorde kan die volgende insluit: Nee, die meningsverskille tussen regerings raak die lewens van onskuldige mense of ja, indien dit beteken dat vrede na die oorlog herstel word.
4. Die vrees vir kernoorlogvoering was altyd teenwoordig. Dit het werklike betekenis aan die Wapenwedloop gegee en 'n reeds verdeelde wêreld verder uitmekaar geskeur.

- **Die VSA** het n ander plan met Europa gehad waarin dit as n kapitalistiese kontinent kon werk.
- Die westerse lande wou die volgende planne in werking stel:



Die Truman-doktrine: Hiervolgens sou die VSA ander lande help om kommunistiese oornames teen te staan – wat hulle in Turkye en Griekeland gedoen het.

Die Marshall-plan: Dit het 'n enorme hoeveelheid Amerikaanse bystand aan Wes-Europese lande verskaf om hulle te help om hulleself ná die oorlog weer op te bou.

Die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO): Dis in 1949 gestig as 'n alliansie van Wes-Europese lande en die VSA wat wedersydse steun en beskerming bied. Dit het gesamentlike militêre magte in Europa voorsien en was gebaseer op die algemene vrees in Europa vir Sowjet-aggressie. Dit was 'n middel te versekering van wêreldvrede.

het die Sowjette net so



Die Warskou-verdrag: Dit het in 1955 tot stand gekom as teenvoeter vir NAVO. Dit was 'n verdrag wat deur die Sowjetunie en die lande van Oos-Europa onderteken is om vir mekaar steun en beskerming te bied.

Die verdeling in twee vyandige blokke het die hele wêreld beïnvloed.

Hier is vir jou ekstra inligting oor die eenheid om jou maklik te laat leer.



Eenheid 3: Definisie van die supermoondhede en die betekenis van Koue Oorlog

Tydsindeling: 1 uur

Remediërend

Voltooi die sinne deur die woorde in die raamwerk hieronder te gebruik.

1. 'n Koue oorlog is _____ ('n toestand van politieke spanning en militêre mededinging) tussen lande.
2. Die Truman-leerstuk _____ (het belowe dat die VSA ander lande sou help weerstand bied teen kommunistiese oornames.)
3. Die Marshall-plan _____ (het groot hoeveelhede Amerikaanse hulp aan Wes-Europese lande verskaf om met hul heropbou na die oorlog te help).
4. NAVO beteken _____ (Noord-AtlantieseVerdragsorganisasie).
5. NAVO was _____ ('n alliansie/bondgenootskap van Wes-Europese lande en dieVSA wat onderlinge steun en beskerming gebied het).
6. Die Warskou-Verdrag _____ (was 'n ooreenkoms wat deur die Sowjetunie en lande van Oos-Europa onderteken is om bystand en beskerming aan mekaar te bied).

was 'n ooreenkoms wat deur die Sowjetunie en lande van Oos-Europa onderteken is om bystand en beskerming aan mekaar te bied	het groot hoeveelhede Amerikaanse hulp aan Wes-Europese lande verskaf om met hul heropbou na die oorlog te help
het belowe dat VSA ander lande sou help weerstand bied teen kommunistiese oornames	Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie
'n alliansie/bondgenootskap van Wes-Europese lande en die VSA wat onderlinge steun en beskerming gebied het	'n toestand van politieke spanning en militêre mededinging